

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

'N GELDIGE TESTAMENT

As iemand sterf sonder om 'n geldige testament na te laat, sal sy boedel volgens die Wet op Intestate Erfreg verdeel word. Die boedels van mense wat intestaat sterf en wie se boedels deur die beginsels van gewoontereg beheer word, moet aangemeld word by die landdros van die gebied waarin die persoon ten tye van sy of haar dood gewoon het. Die plaaslike landdros moet geraadpleeg word oor hoe 'n boedel wat onderworpe is aan gewoontereg hanteer sal word. Dit is dus nie wenslik om sonder 'n testament te sterf nie en veral boere word sterk aangeraai om 'n geldige testament op te stel sodat hulleself, en nie 'n landdros nie, kan besluit hoe hulle boedel vererf moet word.

Standaard klousules

'n Geldige testament bevat gewoonlik 'n aantal standaard klousules.

- *Herroepingsklousule*: Ter aanvang is daar gewoonlik 'n klousule wat alle vorige testamente herroep.
- *Erfstellingsklousule*: Daarna word bemakings wat nadoods in werking tree, uiteengesit.
- *Gelyktydige afsterweklousule*: In die geval van 'n gesamentlike testament is daar gewoonlik 'n bepaling oor hoe die boedels hanteer moet word in die geval van gelyktydige afsterwe, byvoorbeeld in 'n motorongeluk.
- *Minderjarige erfposieklousule*: Voorsiening moet gemaak word vir die erflatings aan minderjariges om dit in trust te hou. Andersins moet die erflating deur die Voogdyfonds van die Meester van die Hoogeregshof gehou word totdat die erfgenaam 21 jaar oud word.
- *Substitusieklousule*: Onder hierdie klousule word voorsiening gemaak vir gevalle waar 'n erfgenaam voor die erflater, met of sonder afstammeling, te sterwe kom.
- *Trustklousule*: In gevalle waar sekere bates in trust vir 'n erflater gehou moet word, moet die bepaling van so 'n trustakte onder hierdie klousule uiteengesit word.
- *Huwelikserwituut*: Hierdie klousule beskerming die erflating teen huweliksbedelings van die erfgenaam.
- *Voogdeklousule*: In die geval waar minderjarige kinders sonder 'n oorblywende ouer nagelaat word moet daar voogde aangewys word. As daar nie 'n voog aangewys is nie sal die Meester van die Hoogeregshof een aanwys.
- *Eksekuteursklousule*: In hierdie klousule word die ekekteur aangestel en sy tarief vasgelê.
- *Sekuriteitsklousule*: In hierdie klousule word die eksekuteurs en die trustees vrygestel om sekerheid vir die boedelbates te verskaf.

Statutêre vereistes

'n Testament moet aan sekere wetsvereistes voldoen:

- Die testament moet op skrif gestel word. Dit kan met die hand geskryf, getik of gedruk wees;

- Elke bladsy van die testament moet deur die erflaters geteken word in die teenwoordigheid van twee getuies wat ook die testament moet teken;
- 'n Getuie mag nie bevoordeel word uit die testament nie en hy mag ook nie die eksekuteur van die testament wees nie;
- By alle veranderings of deurhalings moet voluit geteken word deur alle ondertekenaars van die testament;
- Enigiemand wat sestien jaar of ouer is, kan 'n testament maak. 'n Getuie moet minstens veertien jaar oud wees;
- Daar bestaan sekere wetlike voorskrifte ten aansien van 'n erflater wat nie self 'n testament kan teken nie;
- 'n Soldaat wat op aktiewe diens is, kan 'n geldige testament maak vry van enige formaliteite. Hy kan dus sy testament op 'n stukkie papier neerskryf en dit teken sonder dat daar getuies byderhand is.

Persone wat nie kan teken nie

Die testateur kan iemand vra om die testament namens hom te teken of hy kan die testament teken deur 'n merk (byvoorbeeld 'n duimafdruk of 'n kruisie) te maak. As hy 'n merk maak, of iemand kry om namens hom te teken, moet dit aan die volgende vereistes voldoen:

- Die testament op skrif wees. Dit kan met die hand geskryf, getik of gedruk wees;
- Die testateur moet die testament aan die einde van die laaste bladsy onderteken deur 'n merk te maak, of as iemand namens hom of haar teken, moet die ander persoon aan die einde van die laaste bladsy in die teenwoordigheid van en in opdrag van die testateur teken;
- Die merk of handtekening van die ander persoon wat namens die testateur teken moet in die teenwoordigheid van twee of meer bevoegde getuies en 'n kommissaris van ede gemaak word;
- Die getuies moet die testament in die teenwoordigheid van die testateur en van mekaar staaf en onderteken. As die testament deur 'n ander persoon geteken word, moet dit ook in die teenwoordigheid van daardie persoon en 'n kommissaris van ede gedoen word;
- As die testament uit meer as een bladsy bestaan, moet elke bladsy behalwe die laaste een, deur die testateur of deur die persoon wat namens hom of haar teken, op enige plek op die bladsy geteken word;
- 'n Kommissaris van ede moet sertifiseer dat hy of sy tevrede is met die identiteit van die testateur en dat die testament die wense van die testateur is;
- Die kommissaris van ede moet 'n sertifikaat onderteken en op elke bladsy van die testament, op enige plek op die bladsy, teken.

Kodisil

'n Kodisil is 'n bylae of 'n aanhegsel tot 'n bestaande testament, wat opgestel word om iets by 'n bestaande testament te voeg of te verander. 'n Kodisil moet voldoen aan dieselfde vereistes as 'n geldige testament, soos hierbo uiteengesit. 'n Kodisil hoef nie deur dieselfde getuies as die oorspronklike testament onderteken te word nie.

Hierdie reeks artikels oor erfopvolging gaan binnekort in boekvorm gepubliseer word. Lesers wat in so 'n boek belangstel kan hulle name en kontakbesonderhede nou reeds aan Dr Philip Theunissen verskaf per e-pos by philip@computus.info en per faks of telefoon by (058) 3039640.